

Publication: RapportGauteng (Weekliks)
Publication Date: 03 Feb 2019
Page: 4

AVE: 146118.67
Circulation: 41034
Part: 1 of 2

# Ek daag US uit om teendeel te bewys

Afrikaans het die afgelope drie jaar heeltemal by Stellenbosch verdwyn, skryf **Tian Alberts.**

Toe ek in 2016 by die Universiteit Stellenbosch geregistreer het om BCom Regte te studeer, was ek van voorneme om dit in Afrikaans te doen. Die US is as volwaardig tweetalige instelling geadverteer en te oordeel na die jaarboek vir 2016 was daar geen twyfel daaroor dat klasse wel ook in Afrikaans aangebied sou word nie.

Wat ek egter in die drie jaar sedert 2016 in drie van die universiteit se grootste fakulteite in klasse beleef het, was die totale verwaarlosing van Afrikaans as ’n onderrigmedium. Vandag word klasse slegs in Engels aangebied, met die uitsondering van enkele klasse in sommige fakulteite wat nog parallel in Afrikaans aangebied word.

Die verwaarlosing van Afrikaans het in Februarie 2016 begin toe fakulteite van die 2014-taalbeleid wat destyds in werking was en gelyke status aan Afrikaans en Engels verleen het, afgewyk het en voortaan klasse feitlik slegs in Engels begin aanbied het. Hierdie toedrag van sake het AfriForum Jeug destyds genoop om by die hooggeregshof aansoek te doen vir ’n interdik om die universiteit te dwing om by hul eie interne beleidsbepalings te hou. George Steyn, voorsitter van die US-raad, het erken dat die universiteit in 268 modules afgewyk het van die taalspesifikasies, en die hof het ’n interdik toegestaan.

Teen hierdie agtergrond het die US waarskynlik besef dat hulle ’n baie meer buigsame beleid in werking sou moes stel wat nie die uitfasering van Afrikaans verder sou pootjie nie. ’n Nuwe konsepbeleid is in Maart 2016 ter tafel gelê en studente is die geleentheid gegun om daarop kommentaar te lewer. Aangesien die konsepbeleid geen verantwoordbaarheid daargestel het vir dosente om klasse in Afrikaans aan te bied nie en deurspek was met skuiwergate om onderrig in Afrikaans te omseil op grond van fakulteite en dosente se subjektiewe diskresie, het ek kommentaar op die konsepbeleid by die taal-taakspan ingedien.

In my kommentaar het ek aan die hand gedoen dat terwyl “alle inligting in Engels oorgedra moet word”, daar geen insgelyke vereiste gekoppel word aan die oordrag van Afrikaanse inligting nie en dat Afrikaans derhalwe stelselmatig uitgefaseer sou word.

’n Finale nuwe taalbeleid, wat selfs minder verantwoordbaarheid vir fakulteite daarstel om Afrikaans as onderrigmedium te gebruik as die konsepbeleid waarop ek aanvanklik kommentaar gelewer het, het in Januarie 2017 in werking getree.

Die 2017-taalbeleid bepaal dat klasse parallel in Afrikaans en Engels aangebied mag word (soos met die 2014-beleid), mits dit “redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê”. Die alternatief is klasse “waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word”. Hierdie alternatiewe konfigurasie het “dubbelmedium” in die konsepbeleid geheet).

Hierdie beleidsbepalings verteenwoordig ’n briljante skuif deur die beleidmakers: Die aanbieding van parallelmedium word geheel en al aan die diskresie van fakulteite oorgelaat en indien fakulteite die implementering van parallelmedium sou wou vermy (dit is hoe dit nou in die praktyk afspeel), staan dit hulle vry om “dubbelmedium” te implementeer. In die praktyk beteken dit min tot geen Afrikaans in die dubbelmediumklasse.

> **Van 2007 tot 2017 het die getal wit, bruin en swart voorgraadse studente wat Afrikaans as moedertaal het, met 13% afgeneem.**

“Dubbelmedium” maak derhalwe ’n bespotting van tweetaligheid – in die praktyk is dit Engelse onderrig met sporadiese, bete-

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO
DRAMATIC, ARTISTIC and LITERARY RIGHTS ORGANISATION (Pty) LIMITED

kenislose verwysings in Afrikaans, gemasker onder die universiteit se ideale van "meertaligheid" en "inklusiwiteit".

Wanneer dosente oor hul versuim om Afrikaans in dubbelmediumklasse te gebruik, gekonfronteer word, voer hulle gereeld aan dat hulle nie meer Afrikaans in klasse gebruik nie omdat studente self verkies om in Engels onderrig te word. Die feit van die saak is dat Afrikaanse studente so gefrustreerd geraak het met die totale gebrek aan Afrikaanse kontak in klasse sedert die implementering van die nuwe taalbeleid dat hulle uit eie beweging na Engels oorgeskakel het.

Hierdie toedrag van sake is vergelykbaar met die konsep van konstruktiewe ontslag – wanneer 'n werknemer uit eie beweging bedank wanneer die werkgewer doelbewus 'n vyandige werksomgewing kweek.

In dubbelmedium-omgewings is studente wat op Afrikaanse onderrig aangedring het, soms aan intimidasie en stigmatisering onderwerp. Buite lesingsale – in koshuisruimtes, by vergaderings en selfs op WhatsApp-groepe wat met informele kommunikasie verband hou – het die gebruik van Afrikaans sosiaal onaanvaarbaar geword en word dit nou gereeld verbied. Gevolglik is die US nou 'n Engelse universiteit.

Terwyl Afrikaanse studente dit eens is dat daar nie meer in Afrikaans onderrig word nie, ontken die US geheel en al skuld. Selfs onder Engelssprekende studente op kampus word daar grappenderwys gespog oor die feit dat die US nou by die Universiteit van Kaapstad kan kers vashou omdat eersgenoemde nou "so Engels" is. Maar dit is asof die US doelbewus besluit het om die gesindhede van studente en gebeure in die praktyk en op grondvlak te ignoreer en te verdoesel.

Net soos toe die taaltaakspan in 2016 die studenteraad se skriftelike voorstelle dat Afrikaans en Engels gelyke status as onderrigtale moes geniet, geheel en al geïgnoreer het.

Wanneer die universiteit erken dat die gebruik van Afrikaans verminder het, word dit gewoonlik in die lig van rassetransformasiedoelstellings geregverdig. Die waarheid is egter dat die verengelsing eerder die US in 'n nasionale trekpleister vir wit Engelse studente omskep het.

In die tien jaar van 2007 tot 2017 het die getal wit, bruin en swart voorgraadse studente wat Afrikaans as moedertaal het, met 13% afgeneem van 9 618 tot 8 383 – dit in 'n tyd waarin totale voorgraadse studentegetalle toegeneem het met 34%. Gedurende dieselfde tyd het die voorgraadse wit Engelse studente toegeneem met 87%.

Gemeet oor alle taalgroepe heen het tien jaar se verengelsing tussen 2007 en 2017 wel die swart, Indiër- en bruin studentebevolking as persentasie van die totaal bevoordeel (dit het gestyg van 22,8% tot 36,6%).

Beduidend is egter die feit dat die Afrikaanssprekende bruin en swart studente as persentasie van die totaal gedurende hierdie tyd gedaal het van 9,9% tot 7,3% en die van wit Afrikaanse studente van 55,1% tot 34,9%.

Dit verskaf ondersteuning aan die argument dat die verengelsing van Stellenbosch plaasvind ten koste van bruin agtergestelde studente in die Wes-Kaap. Dieselfde kan nie gesê word van wit bevoorregte Engelse studente wat in hul massas by Maties opdaag nie.

Dit is onbegryplik dat 'n universiteit wat in 2017 'n surplus van sowat R740 miljoen aangeteken het, wat so onlangs as vyf jaar gelede nog 'n hoofsaaklik Afrikaanse universiteit was en alle hulpbronne en personeel beskikbaar gehad het om alle klasse in Afrikaans aan te bied, nou skielik aanvoer dat dit nie meer "pedagogies verantwoordbaar" is om klasse in Afrikaans aan te bied nie. Dit is blote drogredenasies.

In 2019 sal selfs die laaste oorblyfsels van Afrikaans aan die US, naamlik die sporadiese en simboliese gebruik daarvan om aanspreeklikheid in die publiek en in howe te kon vermy, verdwyn.

Saam daarmee sal enige ambisie vir die standaardisering en bevordering van ander inheemse tale ook verdwyn.

Dit sou beter gewees het as die universiteit vanuit die staanspoor oop kaarte gespeel het oor hul voorneme om Afrikaanse onderrig af te skaf. Hulle het eerder verkies om alumni, ander belanghebbendes en donateurs te mislei oor die gebeure in praktyk.

Vir al hierdie belanghebbendes en donateurs stel ek dit duidelik: Afrikaans is bykans dood aan die US. Ek daag graag enige persoon aan die US verbonde uit om aan die publiek die teendeel te bewys.

■ **Tian Alberts is 'n nagraadse LLB-student aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.